

**Die Tyd
van
Die Heiden**



F.W.C. Nesor

Die Tyd
van
Die Heiden

Tekstvertaling uit 1953

F. W. C. Nesper, M.Sc.

Die Tyd van die Heiden

Outeur	F.W.C. Nesor
Kopiereg	F.W.C. Nesor
Uitgewer	F.W.C. Nesor Posbus 31571 Wonderboompoort 0033
Tel / Faks:	(012) 379-8954
e-pos:	ekkllesia@telkomsa.net
Kantoorure:	Maandag, Dinsdag Donderdag, Vrydag 09:00-12:00
Drukker	Jotha Drukkers, CK95/28940/23 Tel: (012) 46-5964 (083) 453-0969
Nuwe Druk	2006
ISBN	

Die Tyd van die Heiden

Inleiding

Die Bybel verdeel die menseras in twee hoofgroepe wat baie beslis van mekaar verskillend is. Aan die een kant is daar die nasies of die volkere (Engels - "heathen" of "gentiles") en aan die ander kant is dit Israel. Hierdie twee sal altyd teenoor mekaar gesien word in die Profete. As ons dus die profesie wil verstaan en 'n insig in die Skrif wil hê, moet hierdie feit baie goed in gedagte gehou word. Verder moet ook natuurlik besef word wie Israel en Juda is.

'n Tweede begrip aangaande die eindtyd wat verstaan moet word, is "die dag van die HERE" en "die tyd van die heiden". Dit is merkwaardig hoe hierdie twee altyd met mekaar saamval. Indien dit raakgesien en verstaan word, sal die Skrif vir u betekenis kry en u sal besef dat hierdie Woord deur die Heilige Gees ingegee en deur God geïnspireer is.

Die volgende Skrifgedeeltes kan in hierdie verband beskou word.

Joël 3:9-16;

- 9 Roep dit uit onder die nasies, heilig 'n oorlog! Wek die helde op, laat al die krygsmanne nader kom, opruk!
- 10 Smee van julle pikke swaarde en van julle snoeimesse spiese; laat die swakke sê: Ek is 'n held.
- 11 Haas julle en kom aan, alle nasies rondom, en versamel julle. Laat u helde HERE, daarheen aftrek!
- 12 Die nasies moet hulle klaarmaak en optrek na die dal van Jósafat; want daar sal Ek sit om gerig te hou oor al die nasies rondom.
- 13 Steek die sekel in, want die oes is ryp! Kom trap, want die parskuip is vol, die kuipe loop oor! Want hulle boosheid is groot.
- 14 Menigtes, menigtes in die dal van beslissing, want naby is die dag van die HERE in die dal van beslissing!
- 15 Die son en die maan word duister, en die sterre trek hulle glans in.
- 16 En die HERE brul uit Sion en uit Jerusalem verhef Hy sy stem, sodat hemel en die aarde bewe. Maar die HERE sal 'n toevlug wees vir sy volk en 'n skuilplek vir die kinders van Israel.

Eségiël 30:1-3;

- 1 VERDER het die woord van die HERE tot my gekom en gesê:
- 2 Mensekind, profeteer en sê: So spreek die Here HERE: Huil julle! Ag die dag!
- 3 Want naby is 'n dag, ja, naby is 'n dag van die HERE, 'n dag van wolke; die tyd van die nasies sal dit wees.

Jeremia 30:4-7;

- 4 En dit is die woorde wat die HERE gespreek het oor Israel en Juda:
5 Want so sê die HERE: Ons het 'n stem van verskrikking gehoor; daar is vrees en geen vrede nie!
6 Vra tog, en kyk of 'n manspersoon baar? Waarom sien ek elke man met sy hande op sy heupe soos een wat baar, en is alle aangesigte in bleekheid verander?
7 Wee, want die dag is groot, sonder weerga! En dit is 'n tyd van benoudheid vir Jakob; maar hy sal daaruit verlos word.

Hy Kom met Die Wolke

Uit die gedeelte van Eségiël word alreeds 'n aanduiding van die dag van die HERE verkry. Dit word beskryf as 'n dag van wolke. Alle Christene weet dat die wederkoms van die Here voor die deur is, maar baie min besef dat daardie koms sowel as die voorafgaande gebeure, haarfyn beskrywe word. Die groot gebeurtenis wat die wederkoms sal voorafgaan en waarmee dit sal saamsmelt is juis die "dag van die HERE". Die dag van die HERE wat 'n dag van wolke is. Dus sal u Openbaring 1:7 verstaan: "Kyk, Hy kom met die wolke".

Die gedagte dat dit 'n vreedsame stil dag is met Christus wat op die wolke aangery kom, is baie ver verkeerd. As Skrif met Skrif vergelyk word, is dit duidelik dat hierdie wolke, die wolke van oordeel is. Die wolke van verskriklike dinge wat op die aarde gebeur.

Matthéüs 24:27-28;

- 27 Want soos die weerlig uit die ooste uitslaan en tot in die weste skyn, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees.
28 Want oral waar die dooie liggaam lê, daar sal die aasvoëls saamkom.

In 'n paar woorde word hier 'n boek van betekenis geskryf. Waar het al ooit 'n weerligstraal sonder wolke of donderweer voorgekom?

2 Petrus 3:10;

Maar die dag van die Here sal kom soos 'n dief in die nag, waarin die hemele met gedruis sal verbygaan en die elemente sal brand en vergaan, en die aarde en die werke wat daarop is, sal verbrand.

Die Engelse vertaling volgens "The New English Bible" stel dit soos volg:

"On that day the heavens will disappear with a great rushing sound the elements will disintegrate in flames, and the earth with all that is in it will be laid bare".

As die beskrywing van 'n kernbom ontploffing gelees word, is die volgende kenmerke daar:

Eers was 'n intense ligflits oor 'n geweldige afstand gesien. Daarna volg 'n skielike hittegolf wat oor 'n gebied van ongeveer 2,000 vierkante kilometer strek. 'n Rukkie later word 'n verskriklike dreuning gehoor wanneer die skokgolwe verbybeweeg en dan volg die vuurbal wat opstyg en 'n wolk vorm soos 'n paddastoel, wat meer as 25,000 meter in die lug opstyg. Is dit nie wolke nie? Is dit nie weerligstrale nie? So sal die koms van die Seun van die mens wees, die dag van die Here en die tyd van die heiden.

Die Opstand van Die Heiden

Uit die Here se Woord kan aangetoon word dat ons vandag in die tyd van die opstand van die heiden lewe. Die Skrif wys vir ons dat die heiden vir die laaste keer gaan optrek om God se kerk en volk te vernietig. As daar ooit 'n tyd bestaan het waarin hierdie aanslag duidelik sigbaar is, dan is dit vandag. Daarom is dit dan ook die tyd vir die dag van die Here. Hy sal kom met die wolke, nie net dat ons na Hom sal kan kyk nie. Indien die Here Jesus nie kom nie, sal hierdie aarde nie langer bestaan nie.

Matthéüs 24:22;

En as daardie dae nie verkort was nie, sou geen vlees gered word nie; maar terwille van die uitverkorenes sal daardie dae verkort word.

Gaan hierdie situasie wat Matthéüs beskryf het nie saam met oordeel en wolke nie - gaan dit nie saam met die aanslag van die heiden nie? 'n Verdere vraag is, wie hierdie wolke en verskriklike elemente wat brand, gaan veroorsaak. Sekerlik gaan dit die heiden wees in sy laaste poging om die mensdom te vernietig. Die Skrif beskryf verder ook dat God uit die hemel, gaan tussenbei tree. Die mens het nog nooit gesien wanneer God en die Satan asook die engele van die Satan met mekaar in stryd in die lugruim is nie. Terselfdertyd sal hulle teenstelling op aarde - die mense wat aan God se kant is en die wat aan die Satan se kant is, met mekaar in oorlog gewikkel wees.

Dit is die tyd waarin ons vandag lewe en dus die agtergrond waarmee ons na die wêreld moet kyk. Die Profeet Joël beskryf die gebeure tydens die "dag van die HERE" en die "tyd van die heiden". Hoofstuk 3 verklaar onder andere dat menigtes in die dal van beslissing sal saamtrek. "Die swakke sal sê: ek is 'n held; en hulle sal van hulle pikke en snoeimesse, swaarde en spiese maak. Die nasies sal haastig aankom en hulle versamel vir die gerig".

Ook die helde van die HERE (die leërs in die hemel) sal daarheen aftrek. Die HERE sal in die dal van Josafat sit om gerig te hou oor al die nasies. Die son en die maan sal duister word en die sterre sal hulle glans verloor gedurende hierdie stryd.

Eségiël 34:12;

Soos 'n herder vir sy trop skape sorg op die dag as hy onder sy verspreide skape is, so sal Ek vir my skape sorg; en Ek sal hulle red uit al die plekke waarheen hulle verstrooi is, op die dag van wolke en donkerheid.

Uit Eségiël sien ons dat op hierdie dag van wolke en donkerheid - die dag van die HERE; - sal die HERE vir sy skape sorg. Wanneer die heiden homself dus gereed maak vir sy laaste aanslag, het ons hierdie wonderlike belofte dat die Here Jesus vir diegene wat Hom as Saligmaker aangeneem het, 'n Rots is om in te skuil.

Die Koms van Die Koninkryk

Die dag van die HERE kan beskryf word as die omverwerping van die huidige wêreldstelsel waarin ons lewe om plek te maak vir die koninkryk van God op aarde. Die Satan weet sy tyd is kort en daarom gaan hy rond soos 'n brullende leeu en soek wie hy kan verslind - (1 Petrus 5:8). Hierdie teks het nie net betrekking op die mens se siel nie. Die Here het nie net van ons 'n siel gemaak nie; die Here het ons nie net gemaak om hierdie wêreld te ontvlug en eendag na die hemel te gaan nie - dank God dat dit 'n belofte is. Die Here het egter hierdie aarde gemaak om bewoon te word.

9 “- - - - Onse Vader wat in die hemele is, laat u Naam geheilig word;

10 laat u koninkryk kom; laat u wil geskied, soos in die hemel **net so ook op die aarde**” (Matthéüs 6:9-10).

Die Here het geleer die sagmoediges sal die aarde beërwe en sekerlik het Hy nie 'n verwoeste wêreld as 'n erfenis vir hulle nagelaat nie.

“Want so sê die HERE, wat die hemele geskape het - Hy is God! - wat die aarde geformeer en dit gemaak het - Hy het dit bevestig; Hy het dit nie geskape om woest te wees nie, *maar* dit geformeer om bewoon te word – Ek is die HERE, en daar is geen ander nie - (Jesaja 45:18).

Aangesien die Here dus die aarde geskep het vir die mens, moet die kind van God sy plek volstaan in hierdie lewe en hy moet besef wat besig is om te gebeur. Wat besig is om te gebeur is die opstand van die Satan en die heiden onder sy leiding, om homself te verset teen die koms van die Koning. Die Here Jesus is aan die kom om sy koninkryk op aarde te vestig en hierdie nasies te kom regeer met 'n ysterroede. Die heidennasies in hulle opstand en rebellie weet self nie wat hulle aandryf nie, maar dit is die rede.

Die Heidene teen Israel

Die toestande en bedreigings in Angola en Zimbabwe en Mosambiek is reeds vir almal duidelik. Dieselfde sal met Suid-Afrika gebeur indien die heidene toegelaat word om die walle te oorstrom. Alhoewel die Europese lande wat Suid-Afrika

veroordeel miskien dink dat hulle self veilig is, is dit 'n uitgemaakte saak dat Rusland met 'n aanval binne 24 uur dwarsoor Europa sal wees. Hierdie "heidense Russe is basies 'n voortsetting van die Amalekiete soos beskryf in die Bybel. Dit moet in gedagte gehou word dat die nasies wat in die tyd van die Bybel vir ons opgeteken is, nie sommer in die lug verdwyn het nie. Net so het die nasies van vandag ook nie uit die lug geval nie. Die nasies van die Bybel is op die aarde vandag en die nasies van vandag het bestaan in die dae van die Bybel - ons moet hulle bymekaar bring. Die maklikste punt van uitkenning is hulle geaardheid. "Kan 'n Kusiet sy vel verander of 'n luiperd van sy vlekke?" - (Jeremia 13:23).

Deur te kyk watter nasies teen mekaar gegroep was in die Bybel kan hulle uitgeken word. Die heiden was gedurig teen Israel en wou Israel sowel as die boodskap van God op die aarde vernietig. As ons kyk watter nasies vandag teen die blanke Christendom geskaar is, weet ons in breë trekke waar die heidene is en waar Israel is.

Die Gesneuweldes van GOD

Wanneer die hordes van China en Rusland uit die Ooste en Noorde begin stroom, sal dit 'n dag van geweld en verskrikking wees. Die heiden sal kom om homself te verhef teen God en om sy koninkryk op aarde te verhoed. Die Here sê egter in sy Woord die volgende:

Jeremia 25 31-33;

- 31 Oorlogsrumoer het gekom tot by die einde van die aarde, want die HERE het 'n twis met die nasies, Hy hou gerig oor alle vlees. Die goddelose - aan die swaard het Hy hulle oorgegee, spreek die HERE:
- 32 So sê die HERE van die leërskaare: Kyk, onheil gaan uit van volk tot volk, en 'n groot storm word opgewek uit die agterhoeke van die aarde.
- 33 En die wat deur die HERE verslaan is, sal dié dag lê van die een einde van die aarde tot die ander einde van die aarde - - - - -".

Hierdie beskrywings moet u in verband bring met die woorde van die Here Jesus:
 " - - - - so sal ook die koms van die Seun van die mens wees. Want oral waar die dooie liggaam lê, daar sal die aasvoëls saamkom" - (Matt. 24:27-28).

Openbaring 19:17-18;

- 17 En ek het 'n engel sien staan in die son; en hy het met 'n groot stem uitgeroep en vir al die voëls gesê wat in die middel van die lug vlieg: Kom hierheen en versamel julle tot die maaltyd van die grote God,
- 18 dat julle kan eet die vlees van konings en die vlees van owerstes oor duisend en die vlees van sterkes en die vlees van perde en die wat daarop sit, en die vlees van almal, vrymense sowel as slawe, klein sowel as groot.

Die toornloed van die HERE sal nie afgewend word nie, totdat Hy uitgevoer en tot stand gebring het die raadslae van sy hart; aan die einde van die dae sal julle dit verstaan - (Jeremia 30:24).

As ons hierdie woorde dan wel verstaan en daarop ag gee, dan sal die Woord 'n lig op ons pad en 'n lamp vir ons voet wees.

Waarom Woel Die Nasies?

Ons hoef nie te wonder wat bespreek word in die raadsale van die Organisasie van Afrika Eenheid nie. Die Bybel kan vir ons openbaar wat gesê word:

Psalm 2:1-3;

1 WAAROM woel (Engels - rage) die nasies en bedink die volke nietige dinge?

2 Die konings van die aarde staan gereed en die vorste hou saam raad teen die HERE en teen sy gesalfde - - - -

(Israel vgl. Ps. 105:15, 1 Kron. 16:22)

- - - *en sê:*

3 Laat ons hulle bande stukkend ruk en hulle toue van ons afwerp!

Dit is egter maar die Afrika Nasies. Dieselfde word bespreek deur die Chinese, die Russe op hulle vergaderings, of met hulle bevelvoerders. Is die beplanning net om Suid-Afrika uit te wis? Geensins - hulle hou raad teen die hele Westerse wêreld. Dit het die Skrif reeds 3,000jaar gelede vir ons openbaar.

Die gevolg is ook duidelik aan ons gestel:

Psalm 2:4-5,9-10;

4 Hy wat in die hemel woon, lag; die HERE spot met hulle.

5 Dan sal Hy hulle aanspreek in sy toorn, en in sy grimmigheid sal Hy hulle verskrik.

9 U sal hulle verpletter met 'n ysterstaf, U sal hulle stukkend slaan soos 'n erdepot.

10 Wees dan nou verstandig, o konings; laat julle waarsku, o regters van die aarde!

Die nasies wat in opstand is, verstaan dit egter nie, maar die gees wat in hulle werk verstaan dit - die Koning kom en gaan hulle regeer met 'n ysterroede. Ons praat vandag van vryheid - "ohuru". Geen heiden - nasie kan egter onafhanklik wees nie, want God het verordineer dat Jesus Christus die wêreld gaan regeer.

Die heidene het gedurende die afgelope koloniale periode die boodskap van die evangelie gekry, maar ook verwerp. Waar hulle die geleentheid gehad het, het hulle die sendelinge vermoor en hulle sal dit vandag nog doen. Dit is heidene en hulle sal heidene bly totdat die Here Jesus oor hulle regeer in die duisendjarige vredesryk - en dan sal Hy hulle regeer met 'n ysterroede.

Die Skrif wys egter vir ons dat selfs na 'n 1,000jaar van regverdige heerskappy en perfekte administrasie, kom hierdie nasies maar weer in opstand en word dan finaal vernietig - (Open. 20:7-9).

Daar is dus duidelik twee groepe op aarde. Die een groep is die nasies (heidene) en die ander is God se volk. Enkelinge uit die heidense nasies word gered, maar as nasie, NOOIT!

Waar Is Julle God?

Wanneer die Here Jesus kom tesame met al sy heilige engele om oorlog te voer, sal dit 'n skrikwekkende stryd wees. Soos dit beskryf word in Hebreërs.

“Vreeslik is dit om te val in die hande van die lewende God” –
(Heb. 10:31).

Hierdie stelling geld nie net vir die mens se siel nie, maar ook vir die heiden in sy opstand teen God. Al gaan dit lyk asof hulle die wêreld oorrompel, moet ons nie skrik nie, maar God vertrou in hierdie dae. Ons sal verseker die heerlikheid van die Here in hierdie stryd aanskou.

Hierdie aanslag van die heiden teen God en sy volk word ook in Psalm 83 geprofeteer. Selfs die name van die nasies word genoem

Psalm 83:3-5;

- 3 Want kyk, u vyande maak rumoer, en u haters steek die hoof op.
- 4 Teen u volk smee hulle listig 'n plan en hou onder mekaar raad teen u verborgenes.
- 5 Hulle sê: Kom, laat ons hulle vernietig, dat hulle geen volk meer is nie, sodat aan die naam van Israel nie meer gedink word nie.

Met hierdie aanslag van die heiden is die eerste vraag wat hy vra: waar is jou God? As hy sy voet op ons nek gesit het, is dit die woorde wat hy vir ons gaan sê - waar is julle God? Die Profeet Joël het dit lank gelede voorspel toe hy geskryf het:

“- - - - o HERE, spaar u volk, en gee u erfdeel nie oor aan smaadheid, dat die nasies (heidene) met hulle spot nie; waarom sou hulle onder die volke sê: Waar is hulle God? - (Joël 2:17).

Die Russe, Chinese, die Afrika Nasies sê daar is geen God nie. Hulle vra vir die blanke nasies - waar is julle God? Dit is dan die gebed wat ons ook moet bid in hierdie dae, dat die Here sy volk moet spaar en nie oorgee aan die nasies (heidene) nie. Daarom roep die Profeet Joël ons tot bekering - ons moet nie dink hierdie verlossing sal sommer uit die hemel kom nie. Daar moet 'n hartsverandering by ons plaasvind en ons moet roep tot God en sê:

“Here spaar u volk, moet nie dat die heiden vir ons sê, waar is jou God nie”.

‘n Talryke en Magtige Volk

Die wêreld het nog nooit so ‘n kombinasie van heidense magte gesien soos vandag nie. As ons die 250 miljoen van Rusland en die 1,000 miljoen van China neem, tesame met die 2,000 miljoen onderhorige nasies in Asië en Afrika, en ons kombineer hulle met die aantal wapens wat hulle besit, sien ons die voorspelling van Joël in vervulling:

“ ‘n Dag van duisternis en donkerheid, ‘n dag van wolke en wolkenag; soos die môreskemering, uitgesprei oor die berge, *kom* ‘n talryke en magtige volk, wat van oudsher sy gelyke nie gehad het nie en dit hierna ook nie sal hê tot in die jare van die verste geslagte nie” - (Joel 2:2).

As ons kyk na die dekadente toestand van die Westerse Nasies, dan was die Christen wêreld nog nooit in so ‘n benarde posisie soos vandag nie. Dit is die tyd waarin ons lewe en dit is ook die vervulling van die Skrif aangaande die dag van die heiden en die tyd van die nasies.

Die heiden nasies het die afgelope aantal jare vanuit ‘n onbenullige posisie in die wêreldpolitiek, ontwikkel na die magtige volke waarin ons hulle vandag sien. As voorbeeld kan ons kyk na die kommersiële mag en produksievermoë van ‘n land soos Japan. Aan die einde van die Tweede Wêreldoorlog was Japan tegnies en kommersieel ‘n agterlike land. Die afgelope 25jaar het ons ‘n ongekende vooruitgang in Japan gesien sodat die punt vandag bereik is waar gevestigde Europese of Amerikaanse instansies nie meer kan meeding met hulle nie. Dieselfde geweldige ontwikkeling sien ons in lande soos Taiwan en China.

Alhoewel baie van die redes vir die skielike ontwikkeling van hierdie nasies agter die skerms van die internasionale geldmag gesoek kan word, laat die Here dit nogtans toe dat dit gebeur. Die heiden word opgewek as ‘n straf vir die Israel Nasies en dit stuur af op die tyd van die heiden waarin hulle ‘n aanslag op Israel (die Blanke Christen Nasies) sal maak. Dit sal uitloop op die dag van die Here waarin hierdie nasies wat dan op die punt sal staan om (die Blanke Christen Nasies) Israel te vernietig, self vernietig sal word.

Al Die Bome Bot

Die Bybel is op baie plekke in simboliese vorm geskryf. As ons egter die sleutel daarvoor het, is dit maklik om te verstaan. Hierdie sleutels moet uit die Skrif self verkry word. So bv. wanneer daar profeties van ‘n berg gepraat word, beteken dit ‘n koninkryk – (sien Jesaja 2:2). Soortgelyk word in profetiese spraak ‘n nasie deur ‘n boom voorgestel – (sien Eség. 31:3). Net so is die wingerd simbolies vir die huis van Israel – (Jes. 5:7); en die vyeboom vir die huis van Juda – (Jer. 24:5).

Die Here Jesus het self geprofeteer aangaande hierdie dae soos opgeskryf in:
Lukas 21:29-32;

- 29 Toe vertel Hy hulle 'n gelykenis: Let op die vyeboom en al die bome.
30 Net soos hulle bot, weet julle vanself, as julle dit sien, dat die somer al naby is.
31 So moet julle ook weet dat die koninkryk van God naby is wanneer julle hierdie dinge sien gebeur.
32 Voorwaar Ek sê vir julle, hierdie geslag sal sekerlik nie verbygaan voordat alles gebeur het nie.

Op die 16de Mei 1948 het die huidige Joodse staat tot stand gekom en daarmee het die vyeboom dus begin bot. Ook het al die koloniale magte sedert die einde van die Tweede Wêreldoorlog (1945) aan al hulle onderhorige volkere vryheid gegee. Die laaste tragiese voorbeelde is Angola en Rhodesië. Die kleinste ou landjies is onafhanklik sodat die Afro-Asiatiese blok die V.V.O. heeltemal oorheers. Voor ons oë vind dit plaas - al die bome wat bot. Selfs die kleinste Afrika Nasie wys die vuis vir die groot nasies en vervul wat die profeet Joël gesê het:

“Smee van julle pikke swaarde; en van julle snoeimesse spiese; laat die swakke sê: Ek is 'n held” -(Joël 3:10).

Christene behoort die Skrif te ken en hierdie situasies te verstaan. Wanneer ons die dinge sien gebeur moet ons weet dat die koninkryk van God en die aanslag van die heiden voor die deur is. Dit sal dan ook die laaste en finale botsing wees. Die geslag wat hierdie dinge sien gebeur sal nie verbygaan voordat alles afgehandel is nie. 'n Geslag word in die Skrif as 40 jaar genoem – (sien bv. Núm. 32:13).

As ons dus vanaf 1945/1948 neem en 40 jaar bytel, bring dit ons by 1985 tot 1988. Daar is natuurlik baie gebeure wat na die finale botsing lei en dit is wat vandag rondom ons plaasvind.

Die Kragte van Die Hemele

'n Verdere voorspelling wat die Here Jesus aangaande hierdie tyd van die opstand en stryd teen die heidene gemaak het, is die volgende:

“EN dadelik ná die verdrukking van daardie dae sal die son verduister word, en die maan sal sy glans nie gee nie, en die sterre sal van die hemel val, en die kragte van die hemele sal geskud word - (Matt. 24:29).

Die woord in die oorspronklike Grieks wat met “hemele” vertaal is, is “**Ouranos**”. Dit het sy oorsprong in die Grieks-Romeinse mitologiese personifikasie Uranus. Hierdie naam Uranus is ook in 1781 aan die sewende planeet gegee en in 1789 aan die element uraan. Die eerste kernbom van uraan vervaardig, het dan ook in 1945 ontplof.

As daar dan geprofeteer word dat die kragte van die “Ouranos” in hierdie tyd geskud sal word, vind dit onteenseglik ‘n vervulling in die kernwapens van vandag.

Soos Sprinkane in Menigte

Die Apostel Paulus skryf aan die Korinthiërs dat die geskiedenis van Israel as voorbeeld moet dien vir ons.

“Maar al hierdie dinge het hulle oorgekom as voorbeelde en is opgeskrywe as ‘n waarskuwing aan ons op wie die eindes van die eeue gekom het” – (1 Kor. 10:11).

In die tyd van die Rigters van Israel word die geskiedenis van Gideon opgeteken. Die nasies - die Midianiete en Ámalekiete - het teen Israel opgetrek om oorlog te maak.

“Toe het al die Midianiete en Ámalekiete en die kinders van die Ooste aanmeakaargesluit en deurgetrek en in die laagte van Jísreël laer opgeslaan – (Rigters 6:33).

“E n die Midianiete en Ámalekiete en al die kinders van die Ooste het in die laagte gelê soos sprinkane in menigte, en hulle kamele was ontelbaar soos die sand aan die seestrand in menigte” - (Rigters 7:12).

Hierdie laagte van Jísreël is ook die vallei van Megíddo waar die groot veldslae van Palestina plaasgevind het – (sien 2 Kronieke 35:22).

Volgens die profesie van Openbaring 16:16 sal die finale slag teen die heiden nasies ook plaasvind op die plek wat genoem word Armagéddon of heuwel van Megíddo.

Wanneer die duisende miljoene Russe, Chinese en hulle bondgenote hulle versamel vir die oorlog, sal dit weer presies lyk soos in die dae van Gideon. Dieselfde groep nasies teen dieselfde volk van God, maar hierdie sal die laaste en finale slag van die huidige dispensasie wees.

Die heiden nasies van vandag is doelgerig en gedissiplineerd. Hulle is aan die opmars en aan die opkom soos sprinkane. Daarteenoor is Israel in sonde. Die Christen wêreld is slap en gedemoraliseer. Dieselfde voorbeeld kry ons in die Skrif. Toe Israel naby aan die Here geleef het en Hom gedien het, was die heiden in bedwang. Die heiden het dit nie gewaag om sy hand op te lig teen God se volk nie.

In die mate wat Israel egter verslap en verval het, in die mate het die heiden sterk en aanmatigend geword en uiteindelik vir Israel oorheers. Dit is wat ook vir ons voor die deur staan. Daarom sien ons rondom ons dit is die tyd van die heiden. Dit lyk asof niks met die heiden kan verkeerd gaan of hom kan stuit nie. Onself is egter verdeeld en verswak. As daar dan ooit ‘n tyd was wat ons moet terugkeer om God te dien, dan is dit vandag.

Die Benoudheid van Jakob

Die Profeet Jeremia het aangaande hierdie tyd van vandag die woorde geskryf soos aangehaal uit Jeremia 30:4-7.

“Wee, want die dag is groot, sonder weerga! En dit is ‘n tyd van benoudheid vir Jakob; maar hy sal daaruit verlos word” – (vers 7).

God se Woord wys vir ons baie duidelik dat wanneer die heiden op die punt is om ons - dit wil sê Jakob se letterlike afstammeling - te oorweldig, sal ons daaruit gered word. Voor dit sal gebeur, sal daar egter ‘n bekering tot God plaasvind, waarna die Here Jesus en die engele van God tot ons behoudenis sal toetree. Ons lewe in die glorierykste tyd wat die wêreld nog ooit gesien het.

Volgens die Skrif sal twaalf legioene van engele met Hom terugkeer. ‘n Legioen was 6,000 mense - dus ‘n totaal van 72,000 engele. Een engel kan in een nag 185,000 mense doodslaan – (sien Jesaja 37:36).

Volgens hierdie basis is 12 legioene engele dus in staat om 13,000 miljoen mense te verslaan - 3 keer die totale bevolking van die aarde.

God gaan in heerlikheid en majesteit ingryp om ons van die heiden te verlos, maar dan moet ons, ons tot die Here bekeer. Dit is die roepstem dwarsdeur die Skrif - die bekering tot God.

Suid-Afrika in Die Eindtyd

Ek glo dat Suid-Afrika nie oorrumpel sal word nie. Ek glo dat die Here sal ingryp en dat daar nog ‘n magtige reddingspoging uit hierdie Suidpunt van Afrika sal uitgaan na die Westerse Wêreld. Die heerlikheid van die Here sal nog van hier uitgaan. Hier waar ons in die midde van die heiden is - hier waar Europa sê: “arme Suid-Afrika!” Van hier waar die afgelope jare honderde emigrante na Europa teruggetrek het. Hier is die plek van behoudenis vir die Christendom en vir die beskawing wat sal uitloop of die wederkoms van die Here Jesus wanneer Hy gaan ingryp.

Daar is ‘n nuwe heidendom wat besig is om oor die wêreld te stroom. Genghis Kahn wat in die 13de eeu dele van Europa oorheers het, staan op die punt om dit weer te doen. Groot gedeeltes van Europa gaan oorrumpel word deur die heidendom. Die heidendom gaan kom tot aan die walle van ons eie bestaan en dit sal lyk asof die walle gaan breek. Daar lê tye van benoudheid vir ons voor - die benoudheid van Jakob. Maar hy sal daaruit gered word.

Onthou hierdie belofte in die dae van benoudheid wat baie naby is, wanneer die heiden sal kom om sy aanslag te maak. Laat ons, ons dan tot die Here bekeer en Hy sal sy beloftes gestand doen.

Einde.

DIE BOODSKAP VAN F.W.C. NESER—
“ISRAEL MOET HOOR!”

Iets oor die Skrywer

F.W.C. Nesor is as wetenskaplike opgelei maar is 'n toegewyde Christen vanaf sy kinderjare. Vir hom is die Bybel die Woord van God vanaf Génesis tot Openbaring.

Reeds vroeg in sy lewe was hy daarvan oortuig dat die mens self daarvoor verantwoordelik is dat daar oorloë, depressies, hongersnood, droogtes, siektes en ellende op aarde is.

Hy het gesien dat God sy volmaakte Wet aan sy volk Israel gegee het, en aan hulle gesê het dat as hulle daarvolgens sou lewe, daar nie een van hierdie rampe sou wees nie; en ook dat Israel as God se demonstrasievolk op aarde is. Dit was egter vir hom duidelik dat hierdie volk nie die Jood of die Kerk is of kan wees nie. Mettertyd het hy tot sy groot blydschap ontdek dat die Angel-Saksies, Keltiese en Germaanse nasies inderdaad die nakomelinge van die Huis van Israel is.

By die Wederkoms van Christus (nou op hande) sal hierdie nasies tot 'n ware wedergeboorte kom, met die Heilige Gees vervul word en met Jesus die Christus as hul Heer en Koning hierdie wêreld teruglei na volkome harmonie met God.

Met die oog daarop dat die Bybelse boodskap aangaande Israel uitgedra moet word aan al die nakomelinge van die Huis van Israel, het F.W.C. Nesor die onderstaande werke tot stand gebring sodat ISRAEL KAN HOOR!

Bylae:

Boeke beskikbaar van Ekklesia.

No	Titel
1	Afrikaner -- 'n Unieke Volk Die
2	Apartheid -- Wat sê die Skrif?
3	Bedienings Gawes van Jesus Christus Die
4	Berou en Bekering
5	Bybel is Waar Die
6	Christendom en Kommunisme
7	Daniël Die Boek van
8	Daniël se 70ste Week
9	Derde dag Opstanding van Christus Die
10	Deur Lyding na Volmaaktheid
11	Die Brief van die Apostel Paulus aan die Efésiërs
12	Die Bybel Voorspel Atoomoorlog
13	Doop Die

No	Titel
14	Doop, in watter Naam (pamflet) Die
15	Doping in die Heilige Gees Die
16	Duiwel Die
17	Engele
18	Fondament van die Christelike Lewe Die
19	Gawes van die Heilige Gees Die
20	God se Groot Week
21	Goddelike Genesing
22	Hoséa Die Profeet
23	Israel in die Nuwe Testament
24	Israelwaarheid - TV Onderhoud Die
25	Jesaja Die Boek van
26	Jesus van Nasaret
27	Joël Die Boek van
28	Kerk van Rome en die Mens van Sonde Die
29	Kruis Die
30	Insig in die Verlede en die Hede bring Uitsig op die Toekoms
31	Moses en sy Kusitiese Vrou
32	Na die Dood – Wat Dan?
33	Name van God Die
34	Nuwe Hemel en die Nuwe Aarde Die
35	Openbaring Die Boek van
36	Openbaringe van die Apostel Paulus Die
37	Opraping Die
38	Romeine Die Brief aan die
39	Rusland in Profesie
40	Sabbat Die
41	Slang van Génesis 3 Die
42	Sommige Aspekte van die Werk van die Heilige Gees
43	Terwille van die Engele
44	Twee Sade op Aarde. Die
45	Tyd van die Heiden Die
46	Verdrukking Die Groot
47	Verlore Tien Stamme van Israel Deel 1 Die
48	Verlore Tien Stamme van Israel Die
49	Vrug van die Heilige Gees Die
50	Waar het Kain sy Vrou Gekry?
51	Waarom die Bybel die Eet van Varkvleis Verbied

No	Titel
52	Wat die Bybel ons Leer Aangaande die Heilige Gees
53	Wat die Bybel ons Leer Aangaande die Mens
54	Wat die Bybel ons Leer Aangaande God
55	Wederkoms van Christus Die
56	Wet van die Here Die
57	Wie is my Naaste?
58	Wie was Hulle?
59	Wêreldgebeure

No	Titel
1	After Death What Then?
2	Apartheid – What saith the Scripture?
3	Bible Predicts "Atomic War" The
4	Book of Joel The
5	Book of Revelation The
6	Christianity and Communism
7	Daniel's 70 th week
8	Great Tribulation The
9	Israel Truth T.V. Interview The
10	Lost Ten Tribes Of Israel Part 1 The
11	Lost Ten Tribes of Israel The
12	New Heavens and the New Earth The
13	Origin, History and Destiny of the White Race The
14	Past the Present and the Future in the Light of Scripture The
15	Rapture The
16	Russia in Prophecy
17	Serpent of Genesis 3 The
18	Why the Bible Prohibits Pork
19	World Affairs

Ander boeke beskikbaar (ander Skrywers).
Die Vrou in Onderdanigheid / Pta. Ekklesia Susters
Wat is Regtig sy naam / J.A.Dreyer
The Bible Distinction between the House of Israel / House of Juda / F.F.Bosworth
F.W.C. Nesor, 'n Lewensbeskrywing / R. Searle
Pilate's Report to Caesar of the Arrest, Trail and Crucifixion of Jesus
The Master Plan / Revd. Albion S. Gaunt
Pastor F.W.C.Nesor, A Biography (abridged) / R. Searle

Wêreldgebeure

Sedert 1986 publiseer F.WC. Nesor 'n kwartaallikse oorsig in Afrikaans onder die titel "Wêreldgebeure" en in Engels onder die titel "World Affairs".

'n Biografie van F.W.C. Nesor

Vir diegene wat meer oor F.W.C. Nesor te wete wil kom is daar 'n biografie beskikbaar wat deur Richard Searle geskryf is.

Oudiokassette / CD's en Videobande

Daar is sowat 2000 oudiokassette / CD's en 'n videobande beskikbaar waarin pastoor F.W.C. Nesor se boodskappe vasgelê is.